**Saterdag 7 Maart**
**Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28**
**Fokusgedeelte: Eksodus 12:12-13**
**Die Lam van God bring verlossing vir die volk van God**

Vir 430 jaar is die Israeliete in Egipte. Dit is ’n geskiedenis wat ons baie goed ken. In hierdie tyd is hulle swaar verdruk en wag hulle om uitkoms vanuit die hand van die Here. Hulle sien hoe Egipte deur die een plaag na die ander getref word, maar steeds word hulle verdruk. Hierdie verdrukking sou wel nie sonder ophou aangaan nie. Met die instelling van die Paasfees dui die Here aan dat daar verlossing aan die kom is.

Die paaslam wat geslag moes word tydens die paasfees was die plaasvervanger vir die eersgebore kind vanuit die Hebreeuse gesinne. Hierdie kon wel nie maar enige lammetjie wees nie. Dit moes ’n jaaroud rammetjie sonder enige gebrek wees. Dit moes in die openbaar geslag word sonder dat die bene gebreek is, en die bloed moes aan die deurkosyne van die Israeliete se huise gesmeer word. Elke gesin wat noukeurig hierdie bevele uitgevoer het, sou gespaar word.

Daardie nag sterf die eersgeborenes van die Egiptenaars, terwyl dié van die Israeliete gespaar word. Die dood gaan by die huise van God se volk verby. Die Here bewys genade aan sy kinders wat Hy gekies het. Daarom moes hierdie fees elke jaar weer gevier word, as herinnering aan die barmhartigheid van God.

Hierdie fees het wel nie net teruggewys nie, dit wys ook vooruit na die ware Paaslam wat geslag sou word. Jesus Christus, die lam van God, sonder sonde is in die openbaar, tydens die Paasfees, tereggestel. Sy bene is nie gebreek nie, alles net soos wat met die paaslam moes gebeur. Sy bloed is vergiet om redding te bring vir die volk van God, en dan nie net vir die eersgeborenes nie. Elkeen wat in Hom glo, word vrygemaak deur sy bloed.

Geen dier en geen ander mens sou hierdie verlossing kon bring nie. Self bring Jesus Christus, die Lam van God, die volmaakte offer ter wille van die volk van God.

*Sing: Psalm 105-1:15, 19, 20*

*Ds. FG (Hardus) Lee (Pretoria-Alkantrant)*